Woodoc Transit Stabilizer
Spesifikasieblad

Tipiese Aanwending:
'n Voorbereidingsvrye grondlaag wat buitenshuise hout vanaf die vervaardiger tot by die finale afwerking beskerm. Noodsaaklike beskerming vir houtvensterrame, -deure, -deurrame en ander houtwerk op boupersele.

Produkeienskappe:
Een deeglike aanwending so gou as moontlik na vervaardiging beskerm hout teen vuilword op boupersele. Dit sal voorkom dat hout kromtrek terwyl dit vervoer word en terwyl daar gebou word. Woodoc Transit Stabilizer help ook om sementvlekke wat deur pleisterwerk veroorsaak word, te voorkom.

- Wend maklik aan met 'n verfkwas.
- Vloei maklik en laat geen kwasmerke nie.
- Ook geskik vir dipaanwending.
- Beïnvloed nie lym nie.
- Geskik vir alle houtsoorte.
- Dring hout binne en bind daarmee.
- Vorm nie 'n oppervlaklaag nie en vir 'n finale afwerking moet hout binne 30 dae met een van die Woodoc Buitenshuise Verseëlaars verseël word.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

Nr: WDTransit/002
Gedateer: 17/11/11
Naam:
Woodoc Transito Stabilisator
(Kleurloos of Meranti getint)
Beskrywing:
Grondlaag om buitenshuise hout op boupersele te beskerm.
Aanwending:
Verfkwas, dip of aanspuit.
Drogingstyd:
Nie van toepassing.
Produkeienskappe:
Dimensionele stabiliserende grondlaag vir onbehandelde hout en skrynwerk.
Verenigbaarheid:
Minerale Terpentyn
Verpakking:
5 liter. (20 of 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar)

LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE BLIK VOOR AANWENDING.

VLAMBAAR. Hou buite die bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.

Woodoc
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort, 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538